*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die partypolitiek is die kiem van volksverdeeldheid — dit bring verwydering waar daar eenheid is.*

# *Die* O.B.

*Die Ossewabrandwag is die geneesmiddel teen volksverdeeldheid — dit bring eenheid waar daar verwydering is.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 10 MAART 1943. No. 16.

## Ossewabrandwag Hernu Gelofte Om Vir Vryheid te Veg

### Simboliese Vure met Groot Geesdrif oor Hele Land Aangesteek

**Ondanks die vervoervraagstuk en ander moeilikhede waarmee die Ossewabrandwag te kampe het, is Vryheidsdag op 27 Februarie vanjaar weer op uitgebreide skaal oor die lengte en breedte van die land met groot geesdrif gevier. Op Amajoeba, waar 'n pragtige terrein uitgelê is, was mense wat so ver gekom het as Nelspruit, Potgietersrus, Ermelo, Standerton, Lichtenburg, Ventersdorp, ens. Baie feesgangers het met ossewaens gekom. 'n Rooi gloed deur die mis op die berg het om 9.15 die aand aangekondig dat die vryheidsvuur bo op die Amajoeba-kruin aangesteek is.**

As sprekers het opgetree ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, drie A.K.G.'s, genl. J. D. Jerling, J. F. van der Merwe en C. A. Pienaar, genl. Louis Bootha en die twee vrouehoofde van die Vrystaat en Transvaal, mevv. C. Meyer en K. Malan. Die fees het drie dae lank geduur en Sondag is die diens deur ds. Stander waargeneem.

In Pretoria het drieduisend Brandwagte die fees op Klipkoppies bygewoon onder leiding van genl. F. S. M. Grobler. Die vryheidsvuur is aangesteek met die vlam wat in 1938 deur die Voortrekkers van Kaapstad na Monumentkoppie gebring is.

In Kaapstad het 'n skare van duisend die viering op Parow bygewoon. Weens die verdonkering het die verrigtinge die aand 'n uur vroeër as op ander plekke begin. Gedurende die middag is die feesgangers toegespreek deur oom Pieter Joubert, 'n veteraan van Amajoeba. Die grysaard het vertel van die geveg en het veral die eensgesindheid onder die volk indertyd beklemtoon. Voordat die stryd aanvaar is, is die volk deur sy drie leiers toegespreek. Pres. Kruger het op die groot gevaar gewys van opstand teen Engeland en gewaarsku dat as dit misluk, hulle rye en rye opgehang sal word. Toe hy die volk vra om te stem, het hulle soos een man besluit om te veg ongeag die gevaar. Die Here was met hulle, en hulle het oorwin, het oom Pieter gesê.

Die verrigtinge is gelei deur hoofkomdt. P. D. Cilliers, terwyl ds. Mentz en eerw. Du Toit voorgegaan het met Skriflesing en gebed.

'n Kussing wat deur mev. Kempen gemaak is, is ten behoewe van die Noodhulpfonds opgeveil en vir meer as £17 verkoop. Die opbrengs van die dag was £80, alles vir die geïnterneerdes.

Elke feesganger het as bewys van sy wil tot vrywording 'n stuk hout op die vure gewerp — simbolies van die klipstapel op Paardekraal.

Talle persone kon natuurlik nie die feeste bywoon nie. 'n Geval het in

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van voorgaande kolom)

Kaapstad voorgekom waar twee persone hulle 'n dag later by die hoofkommandant kom aanmeld het en elk £1 10s. vir die Noodhulpfonds gebring het as „boete" wat hulle hulself opgelê het weens hul onvermydelike afwesigheid.

Op verskeie plekke is die Amajoebakantate voorgedra. Dit was 'n indrukwekkende stuk, en veral op Parow waar die O.B.-blaasorkes saam opgetree het, het dit 'n diepe indruk gemaak. Die kunstenaar wat dit geskep het, was self teenwoordig en is deur die voorsitter bedank.

## WEERLÊ BESKULDIGING VAN SY LEIER

Nie uit strydlustigheid nie, maar as verdediging teen die ou beskuldiging dat die Ossewabrandwag met die Empire-party skakel — 'n beskuldiging wat dr. Malan etlike male herhaal het — neem ons onderstaande aanhaling uit 'n hoofartikel van Die Volksblad van 10 Februarie waarin hierdie beskuldiging uitdruklik weerlê word. Die blad verwys na die Afrikanerparty as „empire-gesind" omdat daar 'n oorstappery na die Empire-party en 'n wenk dat hulle 'n verkiesingsooreenkoms met die Empire-party moet sluit sou wees, en verklaar dan: **„Hulle en die O.B. is soos die pole van mekaar verwyderd,** maar hulle is die O.B. kastig goedgesind, omdat daar 'n heelparty O.B.-stemme ronddwaal wat miskien in die A.P.-sak kan beland."

Dit is seker meer logies as dr. Malan se „skakel-bewys" om te beweer dat as die Afrikanerparty Empire-gesind is, soos die blad probeer voorgee, en die O.B. en die Afrikanerparty is „soos die pole van mekaar verwyderd", die Ossewabrandwag nie met die Empireparty kan skakel nie! Dr. Malan se eie blad glo dus nie sy lawwe bewerings nie.

## H.N.P. GAAN VEG TEEN MEDE-REPUBLIKEINE

### Stel Opposisie-Kandidate Teen Volksraadslede

Die eerste lys kandidate van die H.N.P. vir 'n moontlike algemene verkiesing is in die afgelope week bekend gemaak. Republikeinse volksraadslede wat in alle opsigte die Regering beveg en hulle net soos die H.N.P. vir 'n republiek beywer — behalwe dat hulle weier om teen hul mede-republikeine te baklei — se setels is ook onder hulle uit toegeken aan H.N.P.-kandidate wat vooraf moes teken dat hulle geen vriende van die republikeinse Ossewabrandwag is nie.

Indien daar nou 'n verkiesing plaasvind, sal daar in hierdie kiesafdelings een van twee moet gebeur: òf hierdie republikeinse volksraadslede sal die setels wat hulle jarelank verteenwoordig het aan die indringers moet prysgee terwille van volkseenheid, òf hulle sal gehoor moet gee aan die versoek van baie van hul kiesers om weer te staan. In so 'n geval sal daar dan twee republikeinse kandidate teen mekaar veg en Smuts sal met die setel heenloop. Die H.N.P.-leiers sal dan skel op hierdie „onafhanklike" kandidaat wat net verdeeldheid bewerk het, as ook op die Ossewabrandwag wat die setel „aan Smuts uitgelewer het".

**Die volk wil egter weet watter reg die H.N.P.-leiding het om onbenullige kandidaatjies te gaan stel in opposisie tot manne wat jarelank hul kiesafdelings verteenwoordig en wat nog die volle vertroue van hul kiesers geniet? Is dit omdat hierdie manne gewillig is om Smuts te beveg in plaas van mederepublikeine? Is dit 'n bewys dat die H.N.P.-leiding sy grootste vyand nie in die Empire sien nie maar in die republikeinse volksbeweging?** En is dit 'n bewys dat die H.N.P.-leiding so vasgewortel is aan die Britse partystelsel dat hy aan die volk juis PARTY-kandidate wil opdring in plaas van VOLKSkandidate?

In die Boere-republieke was daar immers nie so iets as PARTY-kandidate nie, dog net onafhanklike kandidate.

Die H.N.P.-leiding het die Ossewabrandwag se voorstel tot onderlinge samewerking in die verkiesing **onbeantwoord** gelaat. Deur hul eie O.B.-vyandiggesinde kandidate te gaan stel, het hulle daardie voorstel verwerp **en te kenne gegee dat hulle die Ossewabrandwag se ondersteuning nie nodig het nie.** Hulle het verder gegaan: **deur nou opposisie-kandidate te gaan stel teen republikeinse volksraadslede, dwing hulle die volk om die verkiesing met verdeelde kragte in te gaan. Indien daar nou onafhanklike kandidate gaan staan, sal die verantwoordelikheid op die skouers van die H.N.P.-leiding rus, wat alles moontlik gedoen het om die volk te verdeel en elke poging tot samewerking met veragting bejeën het.**

Hierdie optrede openbaar glashelder dat die H.N.P.-leiers se doel nie is om die verkiesing te wen nie, want hulle weet dat hulle geen setel kan vat in 'n driehoekige stryd nie, **maar hul doel met die verkiesing is uitsluitlik om alle ander republikeine uit te skakel. Hul verkiesingstryd gaan dus nie teen Smuts en die Empire wees nie, maar teen mede-republikeine.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

## H.N.P. HET GEHOOP DAT DUITSLAND DIE OORLOG SOU VERLOOR

**„Hierdie kant van die Raad het heel aan die begin verklaar dat dit nie ons oorlog is nie. ONS HET GEHOOP DAT GEEN KANT 'N ALGEHELE OORWINNING SOU BEHAAL NIE, want die ondervinding het geleer dat 'n algehele oorwinning geen regverdige vrede bring nie." Aldus mnr. A. J. Werth, namens die H.N.P. in die parlement volgens verslag in Die Burger van 4 Maart.**

**Sal 'n party wat hierdie openlike erkenning gedoen het, weer sy beroep op Duitsland om ons die republiek te gee, kan herhaal indien Duitsland in die somer blyke gee dat hy die oorlog gaan wen?**

**'n Politikus sal weer probeer, want 'n politikus is net 'n mooiweersvriend. Maar sal Duitsland tevrede wees om mooiweersvriende aan die boesem te druk?**

## K.G. OP PORTERVILLE

**Die Komdt.-genl., dr. J. F. J. van Rensburg, hou op 16 Maart 'n vergadering op Porterville, die aand om 8.15 in die Kerksaal. Saam met hom sal mev. genl. J. S. du Toit optree.**

**Verder spreek die Komdt.-genl. die volgende twee vergaderings in die boland toe:**

**Stellenbosch, 18 Maart, 8.30 nm.—Stadsaal.**

**Kaapstad, 19 Maart, 8 nm.—Hofmyersaal.**

## VERGADERINGS VAN A.K.G. IN O.V.S. EN KAAPLAND

**Genl. J. A. Smith, Assist.-Komdt.-generaal, spreek O.B.-vergaderings in die Vrystaat en Kaapland op die volgende plekke toe:**

**VRYSTAAT:**

**Clocolan, 13 Maart, 10.30 vm.**
**Excelsior, 13 Maart, 8 nm.**
**Ventersburg, 15 Maart, 10.30 vm.**
**Brandfort, 15 Maart, 8 nm.**

**KAAPLAND:**

**Richmond, 16 Maart (aand, Stadsaal).**
**Murraysburg, 17 Maart.**
**Aberdeen, 18 Maart.**
**Jansenville, 19 Maart (middag).**
**Steytlerville, 19 Maart (aand).**
**Oudtshoorn, 22 Maart (7.30 nm., Drilsaal).**

**Waar die tyd en plek nie genoem word nie, word dit plaaslik gereël en moet by die betrokke offisier navraag gedoen word.**




ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

Die O.B., Woensdag, 10 Maart 1943.

# Veg Sonder Koers of Beginsel

Ons het die H.N.P.-blaaie reeds dikwels verwyt dat hulle begerig is om Joodse advertensies op te neem, dog weier om advertensies van die republikeinse Ossewabrandwag te plaas. As verskoning vir hul Joodse voorkeur het hulle aangevoer dat advertensies niks te doen het met die beleid van 'n koerant nie. So het Die Volksblad van 20 Julie 1942 beduie dat advertensies bloot **'n besigheidstransaksie** is, maar dat in die geval van die Ossewabrandwag advertensies geweier word „omdat die O.B.-veldtog teen die staatkundige organisasie van die nasionale Afrikanerdom tot nadeel van ons **volksbelange strek**".

Volgens hierdie verweer is die maatstaf van die H.N.P.-blaaie die volksbelang. Alle Joodse advertensies is in belang van die volk, en word daarom geplaas, terwyl alle O.B.-advertensies nie in belang van die volk is nie, en dus geweier word. Ons het indertyd met voorbeelde aangehaal hoe Die Volksblad advertensies geplaas het van die oorlogsfonds, **maar advertensies van die Ossewabrandwag ten behoewe van die geïnterneerdes geweier het.** Die oorlogsfonds strook dus, volgens hierdie koerante se beleid, heeltemal met ons volksbelange, maar hulp aan geïnterneerdes se afhanklikes is nie te rym met ons volksbelange nie!

Hierdie blaaie weet ook om werwingsvergaderings van die Regering te adverteer, soos Die Volksblad o.a. gedoen het, **maar hulle weier om advertensies van 'n Amajoeba-feesviering op te neem, soos voorverlede week in Transvaal gebeur het.** Ons moet dus aflei dat werwingsvergaderings van die oorlogsparty in belang van die volk is, terwyl 'n huldiging van die Amajoebahelde nie in belang van die volk is nie. Hierdie blaaie het 'n sterk afkeer in bloed en geweld, en hulle kan miskien aanvoer dat 'n herdenking van Amajoeba die volk strydlustig kon maak en daarom nie in belang van die volk is nie. Maar die feit dat hulle werwingsvergaderings adverteer wat jong Afrikaners wil beweeg om by die leër van die Empire aan te sluit, maak dit vir hulle onmoontlik om hierdie beswaar te handhaaf. Volgens hul maatstaf moet ons aanneem dat bloedvergieting in Noord-Afrika in belang van die volk is, dog 'n herdenking van Amajoeba deur die Ossewabrandwag nie.

**„Buy British"**

Hierdie H.N.P.-blaaie se advertensiebeleid gaan ook in dieselfde rigting verder waar dit in die omgekeerde toegepas word. So verskyn daar by voorbeeld in die tydskrif „British Trade in South Africa" die volgende advertensie: „Die Burger dek die ryk westelike distrikte van Kaapland doeltreffend en deeglik, EN SY LESERS IS VERNAME VERBRUIKERS VAN BRITSE WARE."

Met die eerste oogopslag wil dit dus voorkom of hierdie party-organe onder volksbelange verstaan Joodse en Britse belange. Hulle skroom nie om Britse ware en Britse oorlogsfondse te adverteer en hulleself dan later by die Britte te adverteer op grond van die ondersteuning wat hul lesers die Britte (as gevolg van die advertensies?) besorg nie. **Maar intussen weier hulle om 'n Afrikanerfees te adverteer!**

Ons is egter nie bereid om so 'n beskuldiging te maak nie, hoewel hulle **ons** beskuldig van handlangers te wees van die Empire. **Ons skryf hierdie optrede slegs toe aan dieselfde koersloosheid waarmee die Ossewabrandwag beveg word.** En die bewys vir hul algehele koers- en beginselloosheid is onlangs deur Die Transvaler gelewer. Verlede jaar in November weier hierdie blad 'n advertensie van dr. Van Rensburg se vergadering in Pretoria. Verlede maand weer plaas hy 'n advertensie van vergaderings van O.B.-manne aan die Rand, maar in sy kolomme waarsku hy H.N.P.-kandidate dat as hulle mense aanmoedig om daardie vergaderings by te woon „hulle geskors sal word as kandidate. Ons het dit as 'n vooruitgang in die Partyleiding se beleid aanvaar. Dit het gelyk of hulle darem nou 'n definitiewe lyn trek tussen hul besigheid en hul politieke beleid en dat hulle Jode en republikeinse Afrikaners nou oor een kam skeer — 'n buitengewoon welkome vordering!

**Splinter!**

Toe 'n Afrikaanse dagblad, wat baie beskuldigings van hul kant moes verteer omdat hy ook werwingsadvertensies plaas, op hierdie „vordering" wys, het Die Transvaler sy optrede verdedig met die gelykenis van die balk en die splinter. Die ander koerant wat werwingsadvertensies plaas, sou dan 'n balk in die oog hê, want hy adverteer iets van die Sap-regering, terwyl Die Transvaler maar net 'n splinter in die gesig het, want, kyk, hy plaas 'n advertensie van **„nasionaalgesindes"!** Woordeliks lui dit as volg in sy uitgawe van 22 Februarie: „Maar hier kom hy sowaar en verdedig dit as Jesuïtisme as die besigheidsbestuurder van Die Transvaler so 'n lyn trek in sy advertensie-opname-beleid dat hy NIE sulke **nasionaalgesindes** (soos die O.B.) se advertensies uitsluit nie, maar wel oorlogsadvertensies wat een groot basis van die botsing met die Sap-regering raak."

**So kort van duur was die lyn wat Die Transvaler se besigheidsbestuurder getrek het dat twee dae later 'n advertensie van die Amajoeba-fees deur hom geweier is!**

Dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat hierdie politici in hul stryd teen nasionaalgesindes — soos hulle self erken die Ossewabrandwag is — 'n algehele tekort aan beginsels het. Daarom dan ook dat dit die een dag uit die bose is as die Ossewabrandwag die partystelsel verwerp, **maar die volgende dag iets lofwaardigs as die H.N.P. die enigste party in die Republiek gaan wees** — soos Die Transvaler aan die end van verlede jaar verklaar het; daarom is dit in hul oë die een dag verkeerd as die Ossewabrandwag sy hoop op 'n Duitse oorwinning vestig, **maar baie goed as die Partyleier die volgende dag 'n beroep op Duitsland doen om ons vryheid aan die einde van die oorlog te gee;** daarom is dit die een dag 'n diktatuur as die Ossewabrandwag sy offisiere van bo aanstel, **maar die volgende dag vleklose demokrasie as die H.N.P.-leier kandidate van bo af benoem in stryd met die wense van sy takke,** en daarom dat 'n generaal Hertzog die een dag uitgewerp kan word omdat hy die regte van die Engelssprekendes sou bepleit **en die volgende dag word die Ossewabrandwag uitgewerp omdat hy dieselfde Engelse se regte nie wil handhaaf nie!**

## DR. VAN RENSBURG SE PENSIOEN

Van H.N.P.-kant is sonder einde vertel dat dr. Van Rensburg 'n buitengewone pensioen van Smuts ontvang het nadat hy tot Kommandantgeneraal van die Ossewabrandwag benoem is. Dit moes dien as „bewys" dat hy 'n Smuts-agent is wat die Ossewabrandwag in belang van Smuts bestuur.

'n Leser van Die Transvaler wat blykbaar swaar gekou het aan al die propaganda-klonte wat hulle opgedis word, stel toe onlangs die vraag aan genoemde blad of daar enige ander amptenaar is wat nie sy volle tyd uitgedien het nie en tog 'n pensioen ontvang. Hierop antwoord Die Transvaler as volg (8 Feb. 1943):

„Dit gebeur dikwels dat amptenare weens siekte uit die staatsdiens tree en dan 'n pensioen ontvang. **Vir die geval van dr. Van Rensburg is egter in 'n wet van die parlement van 1938 spesiaal voorsiening gemaak."**

Ons hoop dat diegene wat bereid was om die leuen te glo, ook bereid sal wees om die waarheid te glo, en dan kan hulle net daarby onthou **dat die Ossewabrandwag in 1938, toe die wet gemaak is, nog nie bestaan het nie. Dr. Van Rensburg se pensoen staan dus in geen verband met die Ossewabrandwag wie se leiding hy eers drie jaar later aanvaar het nie. H.N.P.-lede het ook vir daardie pensioen gestem, sodat hulle dit nie vandag as omkoopgeld kan beskryf nie.**

# Brokkies uit die Buiteland

## DIE BOLSJEWISTIESE OFFENSIEF

Daar is oor die hele wêreld veel gepraat en geskryf oor die offensief van die Bolsjewiste gedurende die Russiese winter van 1942-43. Daar is veral in Geallieerde kringe verkwistend uitgewei oor die beslissende karakter van hierdie offensief, oor die uitklophou wat die Spilmoondhede toegedien sou wees en oor die keerpunt wat die oorlog nou eindelik bereik het. Interessant ook is die manier waarop die Spilmoondhede op die Bolsjewistiese suksesse gereageer het. Stalingrad is nie soos Duinkerken as 'n oorwinning gevier nie maar as 'n ongeluk waaroor gerou en geweeklaag is. Stalingrad is deur die Spilmoondhede gebruik as 'n wekroep tot totale mobilisasie teen die Bolsjewistiese Rusland. Hierdie wekroep is nie alleen gerig tot oorlogvoerendes nie maar ook tot onsydige lande en anti-Bolsjewistiese elemente oor die hele wêreld.

### ONDERSKATTING VAN ROOI LEËR GEVAARLIK

Die Rooi Leër het met sy jongste offensief bewys gelewer dat hy baie magtig is. Hy het reggekry wat geen een van sy bondgenote kon regkry nie. Hy alleen het tot dusver daarin geslaag om aan die steeds seëvierende Spilleërs gevoelige terugslae toe te dien en dit nogal na Rusland sedert Junie 1941 die geweldigste verliese aan mense, materiaal en waardevolste bodem gely het. Vandag eers is dit vir elkeen duidelik hoe magtig die oorlogsmasjien is wat die Bolsjewistiese bewind gedurende die laaste twintig jaar opgebou het. Waar die magtige Franse leër agter sy Maginot-linie en met sy bondgenote en al nie 'n ses-weekse veldtog kon oorleef nie, daar het die Rooi Leër na 'n rampvolle oorlog van agtien maande dit nie alleen reg gekry om nog staande te bly nie, maar ook om geweldig terug te slaan. Dit staan vas dat die oorlog in Rusland, wat omvang en hewigheid betref, al die ander veldtogte van die huidige wêreldoorlog ver in die skaduwee stel. **Die oorlog in Europa het meer en meer geword 'n kragmeting tussen die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland en sy bondgenote aan die een kant en die Bolsjewistiese Rusland met sy kapitalisties-demokratiese bondgenote Amerika en Brittanje aan die ander kant.** Die daadwerklike oorlogsprestasies van laasgenoemde twee moondhede is egter 'n nietigheid in vergelyking met wat sedert 22 Junie 1941 aan die Russiese front plaasgevind het. Dit sal dus onverstandig wees om die Rooi Leër te onderskat. Dit is waarskynlik 'n fout waaraan die Spilmoondhede hulle skuldig gemaak het en waaraan hulle terugslae gedurende die Russiese winter gedeeltelik toegeskryf kan word.

### ROOI SUKSESSE NIE BESLISSEND

As dit onverstandig is om die Rooi Leër te onderskat en die betekenis van die Bolsjewistiese suksesse te verkleineer, dan sal dit ook dwaas wees om hierdie suksesse te oorskat. Hoewel die Rooi offensief nog nie heeltemal doodgeloop het nie, en nuwe Russiese aanvalle aan die noordelike deel van die front, waar die ontdooiing later intree, verwag kan word, mag die Bolsjewistiese suksesse nie as beslissend beskou word nie. **Beslissend sal dit eers wees as die Russe ook in die komende somer daarin sou slaag om die inisiatief in eie hande te hou en die Spiltroepe uit Rusland te verdryf.** Soos dinge egter vandag staan is dit die tempo van die Russiese opmars wat afgeneem het en is dit die Duitsers wat in die strategies-belangrike Donetsbekken geslaagde teenaanvalle maak.

### 'N VERGELYKING

Op hierdie stadium van die oorlog in Rusland, terwyl die allesbelemmerende ontdooiing intree, is dit moontlik om die suksesse van die Bolsjewiste gedurende die laaste winter te vergelyk met dié van die Spilmoondhede gedurende die voorafgaande somer. Dit is bekend dat die Duitsers nie alles verloor het wat hulle gedurende die afgelope somer verower het nie. Hulle is nog in besit van die hele Krim, belangrike dele van die Donetsbekken en van 'n gedugte bruggehoof in die Kubangebied, met Noworossisk, die oorlogshawe, as middelpunt. Aan die ander kant het die Spilmagte 'n paar steunpunte soos Karkof en Koersk verloor wat reeds in 1941 op die Russe verower is. Die verliese aan mense en materiaal aan albei kante is seer seker nie in die guns van die Russe nie. As Stalin onlangs van 300,000 Duitse gevangenes melding gemaak het, dan is hierdie getal onder omstandighede nie indrukwekkend nie.

Dit moet ook onthou word dat die oorlog op Russiese grondgebied plaasvind. Dit is derhalwe Russiese hulpbronne, Russiese nywerheidstede, ens., ens. wat vir die Bolsjewiste verlore gaan. **So is Stalingrad, waar die Spil sy grootste nederlaag van hierdie oorlog gely het, as nywerheidstad verwoes en het dit opgehou om te wees die „hart van Rusland".** Die sluiting van die Wolgarivier gedurende 'n aantal maande was seker ook nie sonder uitwerking nie.

## UITWERKING VAN VOLK SE „ENIGSTE WAPEN"

„Mnr. A. J. Werth, wat die eerste amendement voorgestel het, het sy indringende kritiek afgewissel met aanklagte wat soos skroeipyle op die man af getrek **en aan die oorkant geskuifel en mondelingse beroering veroorsaak het."**—Die Burger oor die begrotingsdebat in die Parlement.

'n Pragtige beskrywing van die krag van die parlementêre wapen wat ten koste van 'n Volksbeweging van 300,000 republikeine gehandhaaf moet word — dit het getref en die uitslag was MONDELINGSE beroering! Aan die toepassing van min. Hofmeyr se skroeiende beslagting kan hierdie gepraat NIKS verhoed nie.

Die gevoeligste terugslag wat die Spilmagte waarskynlik gely het, was toe hulle in die somer van 1942 nie daarin geslaag het om die terugtrekkende Russiese leërs te vernietig nie. Daar sal onthou word dat dit alleen aan die begin van die shmer-offensief van 1942 in die Krim en by Karkhof die Duitsers geluk het om groot getalle Russe gevange te neem. Anders as in 1941 het die Russe in die somer van 1942 'n uiters geslaagde terugtog deurgevoer en dus die verweesenliking van die Spil se hoofdoel, nl. die vernietiging van die Rooi Leër, verydel. Vir die Rus met sy uitgestrekte land is suksesvolle ontruiming en terugtrekking die aangewese taktiek. Vir 'n agtervolgende vyand is dit uiters gevaarlik, soos Stalingrad bewys het, om steeds dieper en dieper die onherbergsame land binne te trek. Of die Bolsjewiste hulle winter-offensief ook in die somer sal kan handhaaf en of die Spilmagte gedurende die komende somer die geleentheid sal kry om die Rooi Leër vernietigend te slaan, sal binne die volgende maande bewys moet word.

*Ten spyte*
van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid
**Damesuitrusting**
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE

# Nuwe Toekoms Wag Afrikaner deur Middel van die Volksbeweging

## Gelyke Kanse vir Alle Volksgenote

**,,Ons vind hier die sonderlinge toestand dat die Afrikaners die arm mense van Suid-Afrika is, terwyl dit die volksvreemdes en uitlanders is wat die rykdom beheer en die ekonomiese mag besit,'' het dr. G. Cronjé by geleentheid van 'n openbare voorligtingsvergadering in die stadsaal van Boksburg op 17 Februarie verklaar.**

Dr. Cronjé het die vreemde stelsels waaronder ons volk sedert sy verowering geplaas was, beskryf en verduidelik hoe ons volk met sy landelike lewe slagoffer geword het van die vreemde kapitalistiese stelsel. Baie gou was die ekonomiese mag in die hande van die vreemdelinge. Daarby het nog gekom dat die Afrikanervolk na sy groot vryheidstryd geheel verarm was. Vreemdes het toe oor hom regeer en 'n vreemde taal het die magsposisie in dio land gehad. Dit is dan ook geen wonder dat die helfte van ons volksgenote vandag arm is nie, terwyl die nie-Afrikaners deur die bank welvarend is. Dit is die hongernasleep van die imperialisme en die kapitalisme. Die grootste slagoffer van ons volksverarming is nie die individuele Afrikaner nie, maar die Afrikanerfamilie. Die gesin was in die verlede die hoeksteen van ons volkslewe, maar hierdie hoeksteen word vandag ondergrawe deur 'n voortdurende onsekerheid en gebrek. Duisende vaders leef in onsekerheid en duisende moeders leef in kommer omdat hulle nie weet of daar genoegsame middels sal wees om hul kinders behoorlik te versorg nie.

Ons volk het nie sy regmatige aandeel in die arbeid van die land nie. Die rede is dat ons te min arbeidsopleiding het, en geskoolde arbeiders van dio buiteland af invoer. Hulle kom neem dan die brood uit die mond van ons eie mense.

As gevolg van al hierdie knellende toestande is ons volk se gesondheid besig om vernietig te word. Deur verskillende omstandighede en wantoestande word die suiwerheid van ons bloed nog verder in die allergrootste gevaar gestel, en dit word bevorder deur die deurmekaarwonery in ons agterbuurtes.

Die toestand waarin ons verkeer, sal ons egter nie ontmoedig nie, maar slegs aanmoedig tot dade van waaragtige volksdiens. **Die Afrikanersiel leef nog onuitwisbaar — ook in hulle wat verarm en verstote is. Hoe verwaarloos hulle ook al mag wees, hulle is ons volksgenote; hulle is die draers van ons bloed en ons wil die toekoms nie sonder hulle ingaan nie. Ons is almal deur een lotsgemeenskap aan mekaar verbonde. Daarom moet ons vir mekaar brandwag staan.**

### DIE NUWE TOEKOMS

Laat ons nou let op die nuwe toekoms wat vir ons volk geskep moet word, het dr. Cronjé voortgegaan.

Ons verwerp die imperialisme en ons eis vir ons volk die volle verwesenliking van sy republikeinse vryheidsideaal.

Ons verwerp die liberalisme en ons eis dat die gesag in ons volkslewe in ere herstel moet word. **Die beginsel van gesag is 'n wesenlike deel van die Afrikaanse lewensbeskouing.** In ons godsdiens erken ons die oppergesag van God. In ons gesinslewe erken ons die gesag van die hoof van die gesin. So ook in ons staatslewe, in ons volksbeweging en trouens dwarsdeur ons volkslewe erken ons dat daar gesag moet wees. Ons erken daarmee dat elkeen nie maar kan maak en breek soos hy wil nie, maar dat hy deur die gesag tot verantwoording geroep kan word. Ons erken daarmee ook dat volksbelange swaarder weeg as individuele belange. Hierdie eg-Afrikaanse opvatting van gesag is deur die liberalisme verknoei. **Daarom eis ons herstel van die gesag, want alleen die gesagstaat sal opgewasse wees teen die geweldige vraagstukke wat in ons land op oplossing wag.**

Ons verwerp die kapitalisme en eis vir ons volk ekonomies-maatskaplike geregtigheid. **Dit is 'n onreg dat sommige sonder kommer kan lewe, terwyl ander dag na dag moet swoeg en selfs dan nog nie genoeg verdien om soos fatsoenlike mense te kan bestaan nie.** Ons het hierdie sosiale onreg lank genoeg verduur. Die maatskaplike geregtigheid eis dat elkeen daardie geleentheid moet kry waarvan hy goeie gebruik kan maak. **As die seun van die ryk man aanleg het om 'n ambagsman te word, moet hy ambagsman word. As die seun van die arm man aanleg het om geneesheer te word, moet daar vir hom die geleentheid geskep word om geneeseheer te word. As ons nie toesien dat dit gebeur nie, het dit tog geen sin dat die Skepper sekere gawes en talente aan elkeen van ons toevertrou nie. Ook die doel en plan wat God met elke mens het, eis dus dat maatskaplike geregtigheid sal geskied.** In die plek van armoede eis ons nie rykdom nie, maar 'n menswaardige bestaan vir elkeen. Ons eis met ander woorde dat daar 'n einde moet kom aan die duisende verwaarloosde gesinne. Die uiterstes van rykdom en armoede moet verdwyn. Dan sal ons leer om mekaar as volksgenote te erken en te eer.

### VIR DIE GESIN

Verder eis ons dat ons volk se gesonde familielewe herstel moet word. Daar moet vir elke broodwinner 'n genoegsame verdienste verseker wees met die oog op 'n selfstandige gesinslewe. Daarby eis ons 'n stelsel van volksversekering vir die hele volk — versekering teen siekte, teen werkloosheid, teen ongelukke, teen ouderdom, ens. Elke familie moet behoorlik gehuisves word. Dit is die taak van die staat om die verderflike agterbuurtes op te ruim en om woningbou volgens die behoeftes van die volk aan te pak.

**Ons eis vir die vrou dat sy in die volkslewe die ereplek moet inneem wat haar toekom.** Dit is nie die taak van die vrou om die broodwinner te wees nie. Die verdienste van die man moet voldoende wees vir die onderhoud van die gesin. Die getroude vrou se hoogste taak is beslis nie in die loonarbeid nie maar in die huisgesin. Dit is haar eretaak om kinders sonder kommer en sorge in die wêreld te bring en op te voed.

Ons eis vir die kinders van ons volk dat hulle tot hul reg sal kom, in die eerste plaas deur te sorg dat hulle gesond gebore word. Verder moet ons kinders so goed moontlik opgevoed en voorberei word vir dio lewe. Dit is 'n teken van agteruitgang as kinders as 'n las beskou word. Ons moet dit onthou: Die wieg van die Afrikanervrou is magtiger as die swaard van die veroweraar en magtiger ook as die skip van die immigrasie.

Ten slotte eis ons vir ons volk dat die suiwerheid van sy bloed ten alle koste teen besoedeling beveilig moet word.

As gevra word of al hierdie dinge moontlik is, antwoord spr. dat dit wel moontlik is as ons die taak met verenigde kragte aanpak. **Ons is besig om ons volkskragte te mobiliseer binne ons volksbeweging. Sedert 1938 het die eenheidsgevoel ontwaak. In die teken van die ossewa is ons volk besig om in sy volle krag op te staan uit sy swakheid en in die teken van die ossewa sal ons seëvier, want ons sal brandwag staan — elkeen vir almal en almal vir elkeen!**

116 Takke 44,000 Lede

AVBOB

Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

## HOE GOEDERE GESTUUR MOET WORD

In verband met die versending van goedere aan geïnterneerdes moet op die volgende prosedure gelet word, anders lewer dit baie moeilikheid op: Goedere moet in elf-pond-pakkies gestuur word, en alleen niebederfbare vrugte kan per pos gestuur word. Pakkies moet as volg geadresseer word:

(1) Nommer van persoon en naam met voorletters. Huisnomeer in kamp, indien bekend. Kamp No. 1, Koffiefontein.

(2) Vars vrugte aan ,,Die Kampbestuurder, Kamp No. 1, Koffiefontein.

Dit kan per spoor geskied.

O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU !!
O.B.-HOOFKWARTIER
Posbus 5576, JOHANNESBURG.

VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge)

29 Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

Fondse oorskry £2,715,000

Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore.

Die Volk se Bank.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk

W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

Fabrikante van . . .
Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

Ondersteun Ons Adverteerders




Die Kaapstadse Remskoen-Toneelvereniging
stel voor . . . . . .
AFRIKANERHARTE
(Drama in Drie Bedrywe)
MAANDAG, 22 MAART om 8 nm. Stiptelik
in die
Hofmeyrsaal — Groote Kerkgebou
(Fondse ten behoewe van die O.B.-Noodhulp)
Plekbespreking: Kamer 914, Groote Kerkgebou

## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

**MEER AS 200 KURSUSSE**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B. 10 Maart 1943)..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,
JOHANNESBURG
Posbus 3512 Foon 22-3512

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
**M. L. de Villiers**
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.


## OPVOERING TEN BATE VAN NOODHULPFONDS

Uit Waterberg-sentrale Kommando word berig dat veldk. F. Jacobs met 'n aantal brandwagte op 19 Februarie die stuk Afrikaner-harte te Visgat opgevoer het ter stywing van die Noodhulpfonds. Dit was puik en die groot gehoor het hul deel bygedra deur te sorg dat daar niks van die verversings oorgebly het nie. Verstaan word dat hulle nog twee of drie opvoerings in die kommando sal gee.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 5,637 | 18 | 8 |
| Mnr. Theron, Landsdowne .. .. | | 5 | 0 |
| Penkop William Wilkenson, Tiervlei | | 10 | 0 |
| Maandelikse bydrae Aliwal-Noord Vroue-Kom. | 4 | 0 | 0 |
| Papendorp Vroue-Kom. .. .. .. .. | 2 | 15 | 5 |
| Eerw. v. d. Merwe, Kaapstad | | 4 | 4 |
| Mev. le Roux, Britstown .. .. | | 10 | 0 |
| Die Veldskoenkring Oudtshoorn weeklikse bydrae | | 14 | 6 |
| Lys 630 Kaapstad .. .. .. .. | | 14 | 0 |
| Mej. Alida Barnard, Groo Brakrivier | | 11 | 0 |
| Vriendin Kaapstad .. .. .. .. .. | | 11 | 0 |
| Vriendin Kaapstad .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Lys 636 Bellville Vroue-Kom. .. | 6 | 4 | 9 |
| Maandelikse bydrae Vriendin Bellville | | 10 | 0 |
| Vryheidsdagviering Skiereiland .. | 80 | 2 | 1 |
| Verkoop van Boeke .. .. .. .. | 1 | 15 | 0 |
| Funksie Aurora Kommando .. | 7 | 5 | 6 |
| Verkoop van Boeke .. .. .. .. .. | | 16 | 6 |
| Bydraes Des. en Jan. Vroue-Kom. Robertson | 4 | 13 | 6 |
| Vriende Kaapstad .. .. .. .. .. .. | 2 | 5 | 0 |
| M. v. d. Walt Kaapstad .. .. | | 1 | 0 |
| Vryheidsdagviering Caledon Kom. | 10 | 0 | 0 |
| Kollekte nie-lede Vroue-Kom. Wellington | 6 | 16 | 6 |
| Vryheidsdagviering, Montagu Kom. | 6 | 10 | 0 |
| Totaal: | £5,776 | 2 | 8 |

### BYDRAES TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 726 | 15 | 2 |
| Generaalskap Genl. Retief .. .. | 20 | 8 | 6 |
| Veldkt. S. J. van Deventer, Somerset-Oos | 1 | 0 | 0 |
| Genl. Strauss, Strausburg .. .. | 20 | 0 | 0 |
| H/Kommandantskap-V.A.R.lid— H/Komdte. M.C.V. van Zyl | 22 | 12 | 6 |
| H/Genl. J. H. Moolman Cradock | 20 | 0 | 0 |
| H/Genl. P. D. Mocke, Beaufort-Wes | 20 | 0 | 0 |
| Wenners van uitdaag Jukskei A. J. v. d. Westhuiben, jnr., M. D. Strauss, jnr., Pieter Kotze en W. P. Burger jnr., almal van Brandvlei | 4 | 0 | 0 |
| Generaalskap, Genl. A. J. Wahl Namakwaland | 23 | 0 | 0 |
| | £857 | 16 | 2 |

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**DU TOIT.** — Op 21 Feb. 1943, 'n fris Brandwag-seuntjie, aan Komdt. en mev. A. F. H. du Toit, van Koedoeskop, Dist. Rustenburg. Naas die Heer ons dank aan Suster.

### VERLOWING

**VAN RENSBURG—VAN RENSBURG:** Die verlowing word bekend gemaak van Ryna, jongste dogter van mnr. en mev. J. J. van Rensburg, Erfdeel, Henneman, O.V.S. en Matie, enigste kind van mnr. en mev. G. Kotzé, Witkrans, Mosselbaai.

### DOODBERIG

**FRANKEN.** — Verhuis na haar hemelse woning, op 24ste Feb., ons teerbeminde dogter en suster en Brandwag, Johanna, in die ouderdom van 19 jaar.

Haar plek is leeg,
Haar stem is stil
Sy wink ons toe
Dit is Gods wil.

Die bedroefde M. C. en E. Franken, Gansbaai.

### IN MEMORIAM

**BRINK.** — In liefdevolle herinnering aan ons Vader en eggenoot, Petrus Frederik Brink, wat van ons weggeneem is op 6de Feb. 1941. Ons mis u sorg en liefde. Moeder en Kinders.

### DANKBETUIGING

Die Dürr familie van Rondevlei, Malmesbury, betuig hiermee hul opregte dank aan die Kommando's van Malmesbury, vir blyke van deelneming en simpatie in hul swaar verlies.

### DRINGEND BENODIG

GEKWALIFISEERDE SKOENMAKER vir herstelwerk. Rig applikasies aan: **H. Schanstra, Stockenstroomstr., Worcester.**

DAME tussen 18 en 30 jaar om behulpsaam te wees met die huishouding op 'n plaas, 15 myl van Nelspruit en 1½ myl van Schagenstasie. Moet lid van die Ned. Hervormde of Geref. Kerk wees. Rig applikasies en skrywe i.v.m. verdere besonderhede aan: **Mev. D. P. van Niekerk, P.K. Schagen.**

### BETREKKING VAKANT

EERSTEKLAS jong Kabinet-maker benodig op platteland. Doen skriftelik aansoek met opgaaf van ouderdom, kwalifikasies, salaris verlang aan: **A.B.C., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

DIESEL ENJIN, 6 perdekrag (byna nuut) en 1 St. Trifical Pomp, 3 duim. Doen aansoek: **C. J. Ritter, Sandfontein, Bus 20, Caledon.**

TAFELAARTAPPELS. — Beste kwaliteit tafelaartappels, 12/6 per sak 153 lbs. V.O.S. Bethlehem. Tevredenheid gewaarborg. **S. W. Rabie, Kommandant, Bethlehem.**

UIESAAD. — Eersteklas uiesaad teen 7/6 per pond, gelewer Uniondale-Busstasie. Die volgende soorte: Vroeë Kaapse Plat Geel, Kaapse Strool, Australiese Bruin en Spaanse Bruin. Koop regstreeks van die Kweker en kyk of u dan teleurgestel sal wees. **Gert van Rooyen, Dwarsfontein, Uniondale.**

### TE KOOP

KAROO BOK-KRAALMIS. Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. 32/6 per ton van 12 sakke. K.M.B. 37/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

TAFELAARTAPPELS. — Goeie kwaliteit teen 11/6 per sak. Arran Chief moere, eiergrootte, reg om te plant teen 9/6 per sak en okkerneutgrootte teen 7/6 per sak — K.M.B. of K.B.A. — gelewer Groot Brakrivier-stasie. **Wilcocks Terblanche, Groot Sorgfontein, Groot Brakrivier.**

LEKKER Gouda-Kaas, 1/3 per pond; 20 — 9 lb. Gouda-vorms teen 15/- stuk. **GEVRA:** 3 lb vorms om te koop of om te ruil vir 9 lb. vorms. **J. Bekker, Milford, Indwe.**

AARTAPPELMOERE. — Arran Chief en Evergood aartappelmoere, gereed vir planting. Gelewer op Blanco-stasie, 15/- per sak van 153 lbs. Kontant met bestelling. **J. J. C. Lamprecht, Tuinplaas, P.K. Blanco, George.**

### SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.I. £2-19-2; No. 1 £2-14-2; No. 2 £2-9-2 per ton, gelaai Soutpan. **Martie Venter, P/s. Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### TE KOOP GEVRA

EEN egte mansgrootte „Cowboy"-rysaal. Nuut of so na aan nuut as moontlik. **Willem N. Haarhoff, Posbus 115, Graaff-Reinet.**

### SPEELSKEIE

SPEELSKEIE van goeie hout. Bottel-skeie teen 3/9; Vierkantige-koppe 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

### VRUGTE VERKOPING

Die Steenbras Vroue-Kommando hou op **VRYDAG, 12 MAART 1943, 'n VRUGTE-VERKOPING,** in die **O.B.-Vriendskapsentrum, Groote Kerkgebou, Kaapstad,** om 2.30 n.m. Alle O.B.-lede en goedgesindes word vriendelik uitgenooi om van die heerlike vars vrugte te kom koop.

### KAFEE

VIR smaaklike etes, flinke bediening en netheid, besoek **D. F. du Toit se Kafee, Soutrivier-Mark.**


**SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.**

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:
Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

**£1000 vir u Oë**

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

**DUWAS**

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

**Die Voortrekker-Apteek**

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (BUS 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 910, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.